



# Die Tien Maagde.



Mat 25:5 En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak.



Mat 25:1 Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet.

Mat 25:3 En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie.

Mat 25:7 Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed.

## Wie gaan almal saam wanneer Christus terugkeer om sy heiliges in die lug te ontmoet?

Gaan almal saam wat hul hart en lewe aan Christus toegewei het, of net die wat Geesvervuld ( [gedoop met die Heilige gees, spreke in vreemde tale](#) ) is?

Laat ons noukeureig na die gelykenis van die tien maagde kyk!

**Mat 25:1** Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet.

Mat 25:2 En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas.

Mat 25:3 En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie.

Mat 25:4 Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem.

Mat 25:5 En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak.

Mat 25:6 En middernag **was daar 'n** geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!

Mat 25:7 Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed.

Mat 25:8 En die wat dwaas was, sê aan die verstandiges: Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit.

Mat 25:9 Maar die verstandiges antwoord en sê: Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie.

Maar gaan liever na die verkopers en koop vir julleself.

Mat 25:10 En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit.

Mat 25:11 Later kom toe die ander maagde ook en sê: Meneer, meneer, maak vir ons oop!

Mat 25:12 Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie.

Sommige gelowiges beweer dat hierdie dwase maagde ware Christene was, en doen dit op grond van twee redes:

- (1) Die eerste is die feit dat hulle maagde (Grieks - parthenoi) genoem word. Hulle neem aan dat 'n maagd (parthenos) 'n ware Christen beteken. Dis verkeerd. Alle Griekse geleerdes weet dat "parthenos" dui op 'n jong man of vrou wat seksueel rein is. Sulke persone mag selfsugtig wees, liefhebbers van geld, en baie ander onchristelike waardes hê, maar as hulle seksueel rein is, sal hulle maagde genoem word. Dus kan die woord maagd nie daarop dui dat hulle ware Christene was nie.
- (2) Hulle word ook as Christene gereken omdat hulle lampe gehad het en in die begin selfs olie in hierdie lampe gehad het. Maar die olie wat hulle gehad het, het hulle met geld gekoop! Kan ons die Heilige Gees met geld koop?

Kyk wat sê Petrus vir Simon, die towenaar, wat die Heilige Gees met geld wou koop: Hand 8:20 "Maar Petrus sê vir hom: Mag jou geld saam met jou vergaan, omdat jy gedink het om die gawe van God deur geld te verkry."

Hierdie olie van hulle verwys nie na die Heilige Gees nie. Hierdie vyf dwase maagde het lampe van eerbiedwaardigheid en olie van moraliteit, wat in hierdie wêreld te kry is, gehad.

Hierdie vyf dwase maagde was nie Christene nie, want Jesus sê vir hulle: "ouk oida humas" = Ek ken julle nie! Terwyl Hy oor en oor in Sy woord verklaar dat Hy elke ware Christen ken.

In Joh 13:18 sê Christus: "Ego oida hous exelearnen"  
= ..... —Ek weet wie Ek uitverkies het— ..... Christus  
verklaar hier dat Hy elke persoon ken wat Hy ooit uit die  
wêreld vir Homself uitgekies het, m.a.w. elke ware  
Christen. Hy gebruik presies dieselfde woord "oida", wat  
Hy in Matt 25:11 gebruik waar Hy vir die vyf dwase  
maagde sê: "ouk oida humas" = Ek ken julle nie.

Dit verklaar dan vir ons dat hierdie vyf nie ware Christene  
was nie, want Christus verklaar dat Hy sy Eie ken,  
MAAR Hy ken nie hierdie vyf nie.

Christus verklaar verder:

Joh 10:14 Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word  
deur my eie geken.

Joh 10:27 My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en  
hulle volg My.

Paulus skryf in:

2Tim 2:19 Ewenwel, die fondament van God staan vas met hier-  
die seël: Die Here ken die wat syne is;

As hierdie vyf dwase maagde nie ware Christene was nie,  
wie was hulle dan?

Luk 13:23 Toe sê iemand vir Hom: Here, is die wat gered  
word, min? En Hy antwoord hulle:

Luk 13:24 Stry hard om in te gaan deur die nou poort,  
want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en  
sal nie in staat wees nie.

Luk 13:25 Wanneer die eienaar van die huis opgestaan en die  
deur gesluit het, en julle begin buitekant te staan en  
aan die deur te klop en te sê: Here, Here, maak vir  
ons oop [[soos die vyf dwase maagde gedoen het](#)—sal Hy

antwoord en vir julle sê: Ek ken julle nie [ouk oida humas] waar julle vandaan is nie.

Luk 13:26 Dan sal julle begin sê: Ons het in u teenwoordigheid geëet en gedrink, en U het op ons strate geleer.

Luk 13:27 En Hy sal sê: Ek sê vir julle, Ek ken julle nie [ouk oida humas] waar julle vandaan is nie. Gaan weg van My, al julle werkers van die ongeregtheid!

Let daarop dat Christus hier dieselfde woorde gebruik om met hierdie valse hoogleraars (HAT = professore) van godsdiens - hierdie werkers van die ongeregtheid - te praat, as wat Hy gebruik vir die vyf dwase maagde in Matt 25:12 : "ouk oida humas" - Ek ken julle nie. Dit bewys baie duidelik dat die vyf dwase maagde en hierdie valse hoogleraars (HAT = professore) van Lukas 13 (owerste van die sinagoge / Fariseërs) dieselfde persone is. In Joh 13:18 verklaar Jesus baie uitdruklik dat Hy elke ware Christen sonder uitsondering ken. Die woord "uitverkorene" in Rom 8:23 beteken "al die heiliges" dis 'n vorm van hierdie selfde werkwoord en beteken "diegene wat uitgekies is" Omdat Christus elke individuele lid van sy kerk ken, en nie hierdie dwase maagde geken het nie, word ons tot die gevolgtrekking gedwing dat hulle nie Christene was nie, maar slegs valse hoogleraars wat nie die ewige lewe gehad het nie. Dit sluit 60% van al die lede van die hedendaagse kerk in.

Ons glo dat ál die heiliges sal opvaar in die Wegvoering, en nie net die Geesgevuldes nie. (Spreke in vreemde tale.)

(a) Al Christus se heiliges moet in die oordeel van die heiliges wees, of hulle Geesvervuld is of nie.

Open 20:4 En ek het trone gesien, en hulle (die heiliges)

het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel (krima) gegee; .....

Ons lees ook in Dan 7:22 totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg (krima) verskaf .....

Die Griekse woord "krima" (oordeel) word altyd gebruik vir die heiliges se oordeel en "krisis" vir die oordeel van die sondaars.

Open 11:18 En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon (misthos) te gee aan u diensknegte (douloi), die profete, en aan die heiliges (die kerkheiliges wat gesterf het) en aan die wat u Naam vrees (**u naam vrees = teenswoordige deelwoord**), klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf.

Die gebruik van die teenswoordige deelwoord in hierdie uitdrukking, is om aan te toon dat hierdie heiliges nie die dood ervaar het nie, maar lewendig opgeneem is om hulle Here te ontmoet in die lug. Die uitdrukking "klein en groot" vertel vir ons dat elke lewendige persoon wat die Here sonder ophou vrees [elke waarlik geredde persoon] in die wegvoering sal deel, en *beoordeel* sal word om te sien of hy of sy *waardig* genoeg is om 'n *beloning* te ontvang.

Let op dat al God se diensknegte (douloi) daar sal wees, of hulle Geesvervuld is of nie.

Rom 6:18 en, vrygemaak van die sonde, het julle (al die ware Christene) diensbaar (douloi) geword aan die geregtigheid.

Open 1:1 Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte (douloi) te toon wat gou moet gebeur, .....

- 1 Kor 3:12 En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels—
- 1Kor 3:13 elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is.
- 1Kor 3:14 As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon (misthon) ontvang;
- 1Kor 3:15 as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen.

Hier word verwys na die *heiliges se oordeel*, omdat elke persoon in *hierdie oordeel* gered sal word. Hoewel baie se werk verbrand sal word, sal hulle sêlf gered word, soos deur vuur heen. Dis dan 'n positiewe bewys dat al die heiliges, sowel Geesvervuldes as nie-Geesvervuldes, in die oordeel van die heiliges moet wees. *Al die heiliges sal dus opvaar in die Wegraping.*

- (b) In 1 Thes 4:16 lees ons: "Want die Here self sal van die **hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel** en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. "

Wie is nou in Christus?

Gal 2:16 gee die antwoord: "terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in (eis=in) Jesus Christus, .....

Joh 3:36 Hy wat in (eis=in) die Seun glo, het die ewige lewe;

Dus is alle Christene wat Christus aanvaar het deur geloof nou in Christus.

As "die wat gesterf het in Christus" (of hulle Geesvervuld is of nie), opgaan in die wegvoering (1 Thes 4:16) dan



moet al die lewendes in Christus ook opgaan.

Waarom?

God is geen aannemer van die persoon nie. (Hand 10:34)

Paulus verklaar dat die dooies en die lewende heiliges sal opgaan "met Sy koms"

1Kor 15:23 maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms. "Hulle wat in Christus is" lees in die Grieks, "hoi Christou", OF almal wat met sy koms aan Christus sal behoort.

Jakobus verklaar ook dat alle Christene weggeraap sal word en nie net die Geesvervuldes nie. Hy sê in Jak 5:7 "Wees dan geduldig, broeders (adelphoi), tot op die wederkoms van die Here. ...." "Adelphoi" sluit al die broeders in en nie net die Geesvervuldes nie.

Rom 1:13 Maar, broeders (adelphoi), ek wil julle nie daarvan onkundig laat dat ek my dikwels voorgeneem het om na julle te kom nie ..... Die gebruik van "broeders" (adelphoi) hier sluit elke lid van die Romeinse kerk in en nie net die Geesvervuldes nie.

1 Kor 3:1 En ek, broeders (adelphoi), kon met julle nie spreek soos met geestelike mense nie, maar soos met vleeslike, soos met klein kinders in Christus.

Alhoewel hierdie Christene van Korinthe te vleeslik was om geestelik, of Geesgepulde Christene genoem te word - net klein kindertjies in Christus - nogtans was hulle broeders (adelphoi) en Jak 5:7 verseker ons dat al die broeders kan verwag om met sy koms deur hulle Here weggeraap te word.

Johannes stem saam met Paulus en Jakobus dat al die

heiliges weggevoer sal word .

1 Joh 2:28 En nou, my kinders (teknia), bly in Hom (Christus), sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie.

"Teknia" = jong kindertjies in die proses van 'n nuwe geboorte.

Dit is dus baie duidelik dal ál die heiliges - selfs die "baie jong kindertjies" in Christus - sal opgaan.

Jesus Christus stem ook saam met Paulus, Jakobus en Johannes, dat almal wat Hom deur geloof aanvaar het, weggevoer sal word, of hulle Geesvervuld is of nie.

Joh 14:1 Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in (eis=in) My.

Joh 14:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.

Joh 14:3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem (paralēpsomai = jou wegneem deur geweld), sodat julle ook kan wees waar Ek is.

(c) Al Christus se heiliges moet saam met Hom terugkeer ná die verdrukking.

Sag 14:5 ..... Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U!

1Thes 3:13 sodat Hy julle harte kan versterk om onberispelik ..... by die wederkoms van onse Here Jesus Christus met al sy heiliges.

Judas 1:14 En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle gefofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met

sy heilige tien duisendtalle,

Ja, al Christus se heiliges moet opgaan in die Wegvoering, want hulle moet almal beoordeel en gereed gemaak word om saam met Hom terug te kom ná die verdrukking.

(d) Open 19:5 **En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê:**  
Prys onse God, al sy diensknegte (doulai), en julle wat Hom vrees, klein en groot (bedoelende, almal)!

Open 19:6 **En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot**  
menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar.

Open 19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruihof van die Lam het gekom en sy vrou (**die kerk**) het haar gereed gemaak.

Open 19:8 En aan haar (**Christus se vrou**) is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daad van die heiliges.

Hoe kan ons seker wees dat die kerk "gemeente", die Lam se bruid is ?

Efes 5:22-32 bewys dit:

Efes 5:22 Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here.

Efes 5:23 Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; "= church = Gr = " sia " en Hy is die Verlosser van die liggaam.

Efes 5:24 Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vrou dit ook in alles aan hul eie mans wees.

Efes 5:25 Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself

daarvoor oorgegee het  
Efes 5:26 om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,  
Efes 5:27 sodat Hy die gemeente (die kerk) voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.  
Efes 5:28 So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief;  
Efes 5:29 want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente.  
Efes 5:30 Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.  
Efes 5:31 Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word.  
Efes 5:32 Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente.

Die duidelike lering hieruit is dat die héle kerk die liggaam van Christus, sy bruid of vrou is.

Open 19:8 En aan haar ([Christus se vrou, die kerk](#)) is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdigde dae van die heiliges.

Omtrent een Christen uit elke tien is met die Heilige Gees vervul. ([Spreke in vreemde tale](#)) As hierdie geregtigheid dus die gevolg was van die geregtigheid van 'n Geesvervulde lewe, sou dit nooit die geregtigheid van die heiliges genoem kon word nie, want 'n heilige is elkeen wat Christus aangeneem en die ewige lewe het.

Rom8:3 Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees, deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit

ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees,  
Rom 8:4 sodat die reg (dikaiōma = geregtighede) van die  
wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wan-  
del nie, maar na die Gees.

Rom 5:16 En nie soos deur één wat gesondig het, is die gawe  
nie; want die oordeel was uit één tot veroordeling, maar die  
genadegawe is uit baie misdade tot vryspraak  
"justification" (dikaiōma).

Let op dat die genadegawe van geregtigheid wat ons van  
vryspraak "justification" (dikaiōma) verseker, 'n  
gratis gawe is aan almal wat Christus aanneem.

"Dikaiōma" is dan die geregtigheid van Christus  
wat goddelike geregtigheid bevredig deur aan al  
die vereistes van die wet te voldoen en wat, wan-  
neer ons Hom (Christus) deur geloof as ons  
Plaasvervanger aanneem, God in staat stel om  
ons as billik en regverdig voor sy aangesig te  
sien en so vir ons die ewige lewe te verkry.

Dus besit elke geredde persoon hierdie kleed van gereg-  
tigheid genoem "dikaiōma" en daarom sal elke heilige  
by die bruilofsmaal wees en nie net die Geesvervuldes  
nie. Net die wedergeborenes joh 3:3-5 water en Gees.

## Waarom het God hierdie wonderlike voorsiening vir sy heiliges gemaak?

1Kor 1:31 Daarom, soos geskrywe is: Die wat roem, moet in  
die Here roem.

God wil hê dat ons aan Hom al die eer moet gee vir elke  
gedeelte van ons verlossing en geen krediet daarvoor  
vir onself moet neem nie. Enige geregtigheid wat

daar in ons is, kom immers van die Heilige Gees.

Jes 61:10 Ek is baie bly in die HERE, my siel juig in my God; want Hy het my bekleed met die klere van heil, my in die mantel van geregtigheid gewikkel—.....

Ons moet goed verstaan dat God wil hê dat ons die doop met die Heilige Gees moet begeer, om onself toe te rus om vir Hom in die wêreld siele te wen.

Hand 1:8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. Die Griekse woord hier is "deipnëso" - *ek sal aandete hou, - die toekomstige tyd, en dui dus op die toekomstige brui- lofsmaal in die hemel.*

Open 19:9 .....salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal (deipnon) van die Lam. ....

Open 19:4 En die vier en twintig ouderlinge (die hele kerk) en die vier lewende wesens het neergeval en God aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja!

Open 19:5 **En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys** onse God, al sy diensknegte (douloi), en julle wat Hom vrees, klein en groot!

Ons weet verseker dat hierdie vier en twintig ouderlinge die hele kerk ná die wegraping verteenwoordig. Daar is vier redes vir ons sekerheid:

(1) Hulle is mense en nie geeste nie. Die woord "ouderling" (presbuteroi) is die manlike geslag en dit kom van "presbeuō" - ek is ouer. Hierdie ouderlinge is met an-

der woorde mense wat deur ouderdom beïnvloed is.  
Geestelike wesens word nie deur ouderdom geraak nie,  
daarom weet ons dat hulle mense is.

- (2) Open 11:16 En die vier en twintig ouderlinge wat voor God op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en God aanbid en gesê:  
Hierdie woord vir gesigte is "prosōpa" die meervoud van "prosōpon" - 'n mens se gesig.  
Open 4:7 ....., **en die derde lewende wese het 'n gesig (prosōpon) gehad soos 'n mens**, .....

- (3) Open 5:9 **Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig** om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het (hēmas)=ons=(die heiliges wat nog weggevoer moet word) vir God met u bloed gekoop uit elke stam=(phulè) en taal en volk en nasie,

- (4) Open 1:4 Johannes aan die sewe gemeentes in Asië:  
Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is,  
Open 1:5 en van Jesus Christus, .....! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed  
Open 1:6 en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, .....

Open 4:4 En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad.

Open 5:8 en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, .....

Open 5:9 **Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig** om die boek te neem en sy seëls oop te maak, .....

Open 5:10 en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.

Wat dan van die heiliges van die verdrukking?

Open 20:4 En ek het trone gesien, en hulle (die kerk heiliges) het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie (die verdrukking heiliges), en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.

Open 7:9 **Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale (verdrukking heiliges); hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;**

Omdat die verdrukking heiliges nêrens konings genoem word nie en nie op trone sit of krone van goud op hul hoofde het soos die kerkheiliges nie, glo ons nie dat hulle bestem is om deel te wees van Christus se liggaam, die kerk, nie.





## En dit was Nag!!!

- (1) "En dit was nag" - 'n donker nag vir Jesus! Hierdie sinsnede in Joh 13:30 beskryf 'n toneel van droefheid in die lewe van Jesus toe Judas Iskariot op pad was om Hom te verrai.
- (2) "En dit was nag" - 'n onvergeetlike nag vir Judas Iskariot, wat deur sy gemene daad van verraad die "Lig van die wêreld" vir ewig in sy lewe uitgedoof het!
- (3) "En dit was nag" - 'n droewige nag vir die dissipels van Jesus! Om die angel uit hulle droefheid te neem, het Jesus sy elf verslae dissipels liefdevol aangespreek: "**My kinders, nog 'n klein tydjie is Ek by julle. Julle sal My soek**, en soos Ek vir die Jode gesê het: Waar Ek heengaan, kan julle nie kom nie—so sê Ek nou ook vir julle." (Joh 13:33.)
- (4) "En dit was nag" - 'n onheilspellende nag vir die inwoners van Sodom toe twee engele 'n besoek by Lot afgelê het. Die manne van die stad het die huis van Lot omsingel en wou die deur oopbreek omdat Lot nie die twee vreemdelinge wou uitlewer nie. Die engele het die manne, groot en klein, met blindheid geslaan sodat hulle tevergeefs na die ingang van die huis gesoek het! (Gen 19:1-27)
- (5) "En dit is nag" - 'n nag van vrees en verwagting. Paniekbevange as gevolg van die "benoudheid van nasies in hulle radeloosheid" (Luk 21:25,26) soek staatsmanne van die wêreld van vandag na 'n deur - nie 'n deur om in te gaan nie, maar om te ontvlug! Die arme mensdom soek na 'n deur om te ontvlug vir die dinge wat oor die wêreld kom! Maar helaas, hulle bevind hul in 'n doodloopstraat - daar is geen uitgang of ontvlugting nie!

In hierdie donker nag - 'n nag van wanhoop - hoor ons iemand roep: "Wagter, hoe ver is dit in die nag? Wagter hoe ver in die nag?" Meteens kom daar 'n antwoord: "Die môre kom, en ook die nag. Wil julle vra, vra; keer terug, kom" (Jes 21:11-12) Wat 'n betekenisvolle antwoord!

Die môre kom. . . ! Gewis! Daar kom 'n môre van blydskap - 'n môre van hoop - 'n môre sonder wolke!  
( Die wegvoering van Sy bruid.)

Maar helaas, dis maar net 'n gedeelte van die antwoord!  
Die antwoord lui: "Die môre kom, en ook die nag. . . "  
Helaas, daar kom 'n nag van droefheid - 'n nag van wanhoop, 'n nag van smart en ellende! ( Die groot verdrukking. Mat 24: 15-28 Luk 21: 20-24 )



Op 'n aardse bruilof trek die bruid gewoonlik die meeste aandag, waarom sou dit nie ook die geval wees met die hemelse bruid nie? Die gelowiges bevind hulle vandag in die "kleedkamer" van God waar die Heilige Gees besig is om die bruid te klee met "rein en blink fyn linne." Daardie fyn linne is die "regverdige daade" van die heiliges!

Terwyl die ware gelowiges hulle in die "kleedkamer" van God bevind, waar hulle "beklee" word vir die bruilofsmaal van die Lam, vind ons die ongelowiges in die "ontkleedkamer" van Satan besig om hulle te "ontklee." "Ontkleepartytjies" waar die liggame van vroue en meisies ontbloot word vir die wellustige oë van mans, is aan die orde van die dag - selfs onder die ander-kleuriges. Laasgenoemde het hierdie dinge gesien in die koerante, tydskrifte, en op die TV van blankes en dit word vandag nageboots!

Mag die Here ons genade gee dat Hy ons by sy verskyning nie "naak" vind soos ons eerste vader en moeder ná die sondeval nie.

Open 3:17 Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.

Open 3:18 Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.

Ons weet dit baie goed dat die hemelse Bruidegom nie vir 'n koue, teruggevalle en wêreldgesinde bruid terugkeer nie - 'n bruid wie se klere bevlek is met hoogmoed ([Rom 11:20](#) ..... [Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees.](#) ) en sonde - 'n plesierzoekende bruid wie se hart koud is - 'n bruid wie se oë swaar is van die slaap ([1Thes 5:6](#) [Laat ons](#)

dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees.) - 'n bruid op wie se altaar die vuur van heilige liefde, ywer en danksegging doodgegaan het! (Lev 6:13 Vuur moet gedurigdeur op die altaar aan die brand gehou word; dit mag nie doodgaan nie. ) Hoe tragies, net die as van 'n dooie vorm-godsdiens is al wat oorgebly het!

2Kor 11:2 Want ek is jaloers oor julle met **'n goddelike jaloersheid**, want ek het julle aan een man verbind, om julle as **'n reine maagd** aan Christus voor te stel.

Rom 13:11 En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het.

Rom 13:12 Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord.



## 'n Wonderlike ooreenstemming tussen Genesis en Openbaring.

- (1) In Genesis het God die "hemel en die aarde geskape" (Gen 1:1) In Openbaring het die "aarde en die hemel weggevlug" (Open 20:11)
- (2) In Genesis het God die son en die maan (die twee groot ligte) gemaak (Gen 1:16) In Openbaring sal die "son of die maan nie nodig" wees nie (Open 21:23)
- (3) In Genesis het God vir die mens '*n tuin geplant* (Gen2:8) Die vloek van God het gerus op die eet van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is. In Openbaring is '*n tuin met die boom van die lewe* - die blare van die boom is tot genesing van die nasies en daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie. (Open 22:2,3)
- (4) In Genesis het die dood sy eerste slagoffer geëis (Gen 4:8). In Openbaring gee die Here ons die versekering dat daar nie meer dood sal wees nie (Open 21:4)
- (5) As gevolg van die eerste sterfgeval in Genesis was tranen en droefheid nog altyd die metgesel van die mens deur die lewe. Ons lees in Openbaring dat daar nie meer droefheid of geweene sal wees nie. (Open 21:4)
- (6) In Genesis word "*moeite*" aan die mens uitgedeel (Gen 3:16) In Openbaring lees ons "*moeite*" sal daar nie meer wees nie. (Open 21:4)
- (7) In Genesis vind die eerste huwelik plaas - die vereniging van die eerste Adam en sy vrou. (Gen 2:22-24) In Openbaring vind die laaste huwelik plaas - tussen die tweede Adam, Jesus Christus, en sy bruid ([die gemeente van Christus](#)) (Open 21:9)
- (8) In Genesis word die vrou van die eerste Adam uit sy ribbebene geneem terwyl hy slaap. (Gen 2:21) Terwyl Jesus in 'n diepe slaap (dood) aan die kruishout gehang het, het hulle Sy sy met 'n spies deurboor. (Joh 19:34) Uit die deurboorde sy van Christus - die Lam vir ons

geslag (Open 21:9) - het God vir Hom 'n bruid gehaal (Open 7:9)

- (9) In Genesis maak Satan sy eerste verskyning aan die mens. (Gen 3:1) In Openbaring maak Satan sy finale verskyning. (Open 20)
- (10) In Genesis word die eerste vloek uitgespreek. (Gen 3:14) In Openbaring lees ons: "*En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie ...*" (Open 22:3)
- (11) In Genesis word die mens uitgedryf uit die tuin. (Gen 3:24) In Openbaring word die mens verwelkom. (Open 22:17)
- (12) In Genesis ontvang die mens sy eerste klere, gemaak van die velle van diere wat God geslag het. (Gen 3:21) In Openbaring kry die gelowiges wit klere gewas in die bloed van die Lam. (Open 7:9,14)

Open 19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.

Open 19:8 En aan haar "Gemeente" is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.

Joh 3:29 (a) Hy (Jesus) wat die bruid het "DIE GEMEENTE", is die bruidegom; ..

Die bruid soos bovermeld is nie die Nuwe Jerusalem nie. Dit is foutiewelike "EKSEGÉSE"

Open 21:2 En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, **toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.** (Bogenoemde skrif "Nuwe Jerusalem" soos n Bruid wat vir haar man versier is.) N SINNEBEELD VAN DIE BRUID VAN JESUS, SY LIGGAAM, GEMEENTE, Gr = ekklesia. HAT= Woordeboek "Bruid" = Vrou op haar troudag. Die Nuwe Jerusalem "Stad" van 2,400 km lengte, breedte, en hoogte. Hoe is dit moontlik dat Jesus met die Nuwe Jerusalem kan bevestig word in die huwelik

Saamgestel deur:

Past Willie Horne  
Posbus 872  
KLEINBRAK  
6503

(044) 696-5891

Epos: [konanja333@gmail.com](mailto:konanja333@gmail.com)  
Web tuiste: [ramshoring.co.za](http://ramshoring.co.za)

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

## Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

